# LAERSKOOL MIKRO

*… waar kind nog kind kan wees …*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

5/2022

15 Februarie 2022

Geagte Ouers

PENVEERFEES

## 1. UIT DIE KANTOOR

Die dra van maskers is steeds vir almal verpligtend. By die skool is ons baie streng daarmee, maar dit maak ons taak moeilik as ouers van kinders nie die reël nakom nie. Dra asb. te alle tye ook u masker. Dit sal ons baie help indien ons almal die landswette nakom, ongeag of ons daarmee saamstem of nie. Dankie vir almal se samewerking.

**Ons is bekommerd oor motorbestuurders wat die verkeersreëls voor die skool verontagsaam. Ons sien mense wat teen die eenrigting ry wanneer kinders afgelaai of afgehaal word. Daar is ook persone wat heeltemal te vinnig ry en wat ongeduldig bestuur. Hierdie tipe van optrede hou 'n gevaar vir ons kinders se veiligheid in en nie een van ons wil hê iemand moet seerkry nie. Ons doen 'n ernstige beroep op almal om saam te werk in dié verband.**

Indien u nog nie u Mikro nasorgafskeurstrokie skool toe gestuur het nie, vra ons dat u dit asseblief môre sal doen. Ons wil graag ons opname finaliseer ten einde verdere reëlings aan u deur te gee.

Môre, (Woensdag, 16 Februarie 2022) vind die beheerliggaamtussenverkiesing plaas. U kan in die volgende drie tydgleuwe in die skool se voorportaal kom stem:

**07:00 – 08:30; 12:00 – 14:30 en 17:00 – 18:30.** Die inligting van die twee benoemdes verskyn reeds op die *school communicator*. **Ons benodig 167 stemme om dit 'n geldige verkiesing te maak.**

## 2. DRAAIHEKKE

Vanaf môre, Woensdag, 16 Februarie 2022, sal **alle draaihekke om 07:42 vir toegang van buite sluit.** Indien u kind na daardie tyd arriveer, sal hy/sy slegs by die voetgangerhekkie voor die skool kan inkom. Hierdie reëling is uitsluitlik vir die veiligheid van ons kinders. Dankie vir almal se samewerking.

## 3. WEDSTRYDBEPALINGS: WEEK 5: 14 tot 19 FEBRUARIE 2022

**Krieket O/10 - O/13:**




***Woensdag, 16 Februarie***

O/11C teen Durbanville by Mikro om 15:00
O/11B Mikro teen o/11A Mikro om 15:00

***Donderdag, 17 Februarie***

O/13C teen Gene Louw by Mikro om 15:00
O/13B teen Durbanville by Mikro om 15:00
O/13A teen Reddam House Durbanville by Reddam House Durbanville om 15:00

*Saterdag, 19 Februarie*



O/13B teen Vredekloof by Mikro om 09:00
O/13A teen Van Riebeeckstrand by Mikro om 09:00

**Mini-krieket O/7 - O/9:**

*Donderdag, 17 Februarie*

O/8B Mikro teen o/8A Mikro om 14:30
O/9B Mikro teen o/9A Mikro om 14:30
O/8C Mikro teen o/9C Mikro om 14:30

**Tennis:**

*Woensdag, 16 Februarie*

O/14A Seuns teen Kenridge by Mikro om 16:00
O/14B Seuns teen Bastion by Bastion om 15:15
O/14C Seuns teen Brackenfell by Brackenfell om 14:45

O/14A Dogters teen Welgemoed by Welgemoed om 14:40
O/14B Dogters teen Eversdal by Mikro om 16:00
O/14C Dogters teen Bastion by Bastion om 15:15

O/11A Seuns teen Eversdal by Mikro om 14:45
O/11B Seuns teen Bellpark (**GEKANSELLEER** deur Bellpark)

O/11A Dogters teen Durbanville Curro by Mikro om 14:45

**Atletiek:**

Geen byeenkomste hierdie week, slegs oefening.

## *HIERDIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE / KANSELLASIES*

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

## GRAAD R-OPEDAG VIR 2023 KLEUTERS



Op Do. 24 Feb. 2022 om 17:00 – 19:00 is Laerskool Mikro se Graad R-opedag. Aanlynaansoeke open 14 Maart 2022 en sluit 15 April 2022. Leerders wat in 2017 gebore is en in 2023 6 jaar oud word, mag ingeskryf word.

VUMA

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET







Kaartjies te koop by Tannie Wilma vanaf 08:00 tot 14:30 (Maandae – Vrydae)
OF
Aanlyn by Computicket

Ipic Shopping Centre SONEIKE

PENVEERFEES

Ipic Soneike:
Borgskap ten bate van die PENVEERFEES.

## OWO – KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

Dinsdag, 1 Maart 2022 vanaf 17:00 – 19:00
Dinsdag, 5 April 2022 vanaf 17:00 – 19:00


Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007



## Hulp met Huiswerk



Afgetrede oud-onderwyseres

Ekstra Wiskunde & Tale hulp

Ek kan die leerder(s) in die gerief van jou eie huis kom help.

Graad 1 tot 4-leerders
Skakel **Charmaine Simons** by **072 236 8273** vir verdere inligting.


Kermis Connect
4 - 6 Maart
PROGRAM
Nooi jou vriende en familie en kom kuier saam by KermisConnect
Vrydag 4 Maart
TYD: 17:00 tot laat
TEMA: 60's DINER
PIZZA, BURGERS & CHICKEN WINGS
IETS TE DOEN vir oud en jonk
DISCO (10+), DIY & DEMO KLASSE, KINDERSPELETJIES
TREK VOLGENS TEMA AAN: KOM NEEM FOTOS IN ONS FOTOHOEKIE EN STAAN 'N KANS OM 'N PRYS TE WEN
Saterdag 5 Maart
TYD: 08:00 tot 13:00
ONTBYT
KERMIS TAFELS met POEDING, PANNEKOEK, ROOSTERKOEK, POTJIEKOS en VELE MEER
HEERLIKE MUSIEK
DIY & DEMO KLASSE
KINDERS SE GUNSTELING KERMIS SPELETJIES MET 'N VERRASSING OF TWEE
Sondag 6 Maart
TYD: 09:00 DANK DIENS met kore wat optree
DINER met KOFFIE EN DEKADENTE LEKKERNYE na die diens
Langverwacht pad, Kuilsrivier * Tel: 021 903 3095
Email: bespreek@suidkerk.org.za


SUIDKERK bied aan...
DIY KLASSE
vir OUD en JONK
4 - 5 Maart
ARMBANDE
TIE DYE
SWEIS
STIK ...POTLOODSAKKIES
HOUTWERK
DECOUPAGE
Kermis Connect
4 - 6 Maart
BESPREEK NOU
Suidkerk, Langverwacht pad, Kuilsrivier * Tel: 021 903 3095
Email: bestuur@suidkerk.org.za


WISKUNDE
EKSTRA KLASSE
Aangebied deur Mnr Marcelle Verwey
Meneer Verwey
BEd InterSen
Vir wie?
Gr.5&6 leerders
Wanneer?
Maandae - Donderdae
{Kontak vir tye}
REGISTREER NOU
084 853 0462
MARCELLEVERWEY@YAHOO.COM

**Tel: (021) 903 5101** : www.elto-towers.co.za




***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

**Van Riebeeckweg 2**
**KUILSRIVIER**
**7580**

**Tel: (021) 903 5101** : www.elto-towers.co.za